

DIE SLAG VAN DOORKRAAL TOE DE WET SE MANSKAPPE NIE WOU VEG NIE

Sowat vyf myl buite die Noord-Vrystaatse dorpie Bothaville, op die stowwerige grondpad na Hoopstad, dui 'n monumentjie, vlak langs die pad, die slag van Doornkraal aan. Op 6 November 1900 is agthonderd Boere met die vermaarde genl. Christiaan de Wet in hul midde, lelik deur die vyand verras en op die loop geja. Indien die Generaal en pres. Steyn, wat ook in die laer was, daardie dag deur die Engelse gevang is, kon dit die nekslag vir die Boeremagte beteken het.

Die oorlog was maar 'n jaar aan die gang. Die hoofstede van die twee Republieke het geval en lord Roberts het gemeen dat dit ook die verset van die Boere sou laat verkrummel. Min het hy en sy opvolger, lord Kitchener, egter geweet van watter staal De Wet, Steyn, De la Rey en ander bittereinders gemaak is. Te midde van moedeloosheid by 'n groot gedeelte van die Afrikanervolk, besluit hierdie manne om in die stryd te volhard.

Pres. Steyn is juis na Transvaal om met die Suid-Afrikaanse Republiek samesprekings te voer ten opsigte van veranderde krygsmetodes; onder andere is besluit om leërmagte te reorganiseer, die kiesing van offisiere deur minderes af te skaf en in die vervolg van guerilla-oorlogvoering gebruik te maak. Dit moes die antwoord wees op Roberts se voortvarende anneksasie van Transvaal en sy verklaring dat die oorlog verby was. Voorts het die vergadering ook besluit dat De Wet en Steyn 'n hernude inval in die Kaapkolonie sou loods, aangesien dit die Kapenaars tot grootskaalse rebellie kon opsweep en ook nog die voordeel sou hê om die Engelse se aandag te verdeel.

Steyn groet pres. Kruger, wat op daardie stadium na Europa sou vertrek om die Boeresak te gaan bepleit en met £50.000 wat Kruger aan die Vrystaat skenk, vertrek hy om weer by De Wet aan te sluit.

Genl. De Wet het hom in daardie stadium van die oorlog reeds op ondubbelsinnige wyse teen die lomp walaers, wat so 'n groot rol in Piet Cronjé se oorgawe by Paardeberg gespeel het, uitgespreek. Met snelbewegende kommando's durf hy nou die vyand aan en telkens beteken dit vir hulle groter verliese. Dit het vir die Engelse magte 'n obsessie begin word om De Wet te vang.

Aan die begin van Oktober val hy genl. Barton se afdeling te Frederikstadstasie aan. Weens laksheid onder sommige van die offisiere, moes De Wet die aftog blaas. Dertig Boere is dood en gewond.

'n Nuwe Britse offisier sou van toe af vir die Generaal menige benoude oomblike besorg. Generaal Charles Knox sou dit sy uitsluitlike doelwit maak om die gevreesde Boeregeneraal in die hande te kry. Die ywerige Knox is spoedig deur De Wet uitoorlê, en hoewel hy die spoor totaal byster geraak het, besluit Knox nietemin om maar weswaarts koers te kies, met die hoop om weer iets uit te snuffel. Genl. De Wet is intussen na Ventersdorp, waar pres. Steyn by hom aansluit en hom van die besluite in Transvaal verwittig. Saam ry hulle na Bothaville, waar

De Wet se konvooi op die plaas Doornkraal, enkele myle ten suide van die dorp op hulle wag. Genl. Froneman het intussen ook daar opgedaag.

Dit was nie Knox nie, maar wel kol. P. W. le Gallais wat dieselfde middag op die spoor van die Boeremag gekom het. Le Gallais het tot in daardie stadium hoofsaaklik in die Noord-Vrystaat geopereer en is later deur De Wet as een van die dapperste Engelse offisiere wat hy ooit teëgekome het, bestempel.

Die middag van 5 November vind 'n kort skermutseling plaas tussen die Boere van De Wet se afdeling en 'n klein Engelse afdeling. Die Engelse sien, vanweë hul klein getal, nie kans vir 'n groot geveg nie en buitendien sak die donkerte oor hulle toe. Die res van die Engelse mag onder Le Gallais beweeg die aand die dorp binne en oornag daar, terwyl die „bloedhond”, Knox, sowat tien myl noord van Bethaville met 'n afdeling van kol. De Lisle stelling inneem. Die Engelse was op hul tone, aangesien bevestiging verkry is dat De Wet, sowel as Froneman, in die omgewing is.

Genl. De Wet het hom nie juis oor die Engelse mag oorkant die Valsrivier bekommer nie, maar het oudergewoonte 'n brandwag na die rivier gestuur, met die opdrag om daar te bly tot die volgende oggend. Daarna het die Boere houtgerus gaan slaap. Min het hulle egter geweet van die onheil wat wag.

Om vieruur die volgende oggend is Le Gallais se manskappe weer in die saal, op soek na verdere spore van die Boere. Anderhalf uur later vind 'n afdeling onder maj. Lean vyf Boerewagte vas aan die slaap, skaars twee myl van die kamp af. Sonder dat 'n skoot geskiet is, word hul gevange geneem. Onmiddellik dring dit tot Lean deur dat die Boerelaer baie naby moet wees. Hy laat die gewere haal en met 67 man beweeg hy verder suid. Spoedig kom die laer in sig, skaars driehonderd treë voor hom. Alles is doodstil: die Boere slaap, terwyl waens en kannone uitgespan staan en perde los loop.

Op daardie tydstip het die korporaal in bevel van die Boerewag by De Wet kom rapporteer dat alles veilig is. Slegs enkele rookwolkies is oorkant die rivier gesien, vermoedelik afkomstig van die Engelse se laer.

Wat nou gevolg het, kan alleen as chaos beskryf word. Die wag was skaars honderd treë van De Wet af, toe geweerskote skielik opklink. Die Generaal meen eers dit is slagbeeste wat geskiet word, maar toe die skote aanhou, besef hy dat dit die Engelse moet wees!

Inderdaad was dit die Engelse. Sowat veertig van Lean se manne het op onverskrokke wyse van hul perde afgespring en op die laer begin losbrand. Die meeste van die Boere spring uit hul beddens en begin paniekbevange na perde soek. Dié wat wel 'n rydier in die hande kon kry, jaag blindelings weg. De Wet se bevel om die vyand te storm en nie weg te jaag nie, val op dowe ore. Soos die Generaal later tereg opgemerk het, kon die onverwagte aanval maklik afgeslaan gewees het as die Boere op bedaarde wyse skouer aan skouer teruggeveg het. Die Engelse mag

was in hierdie vroeë stadium van die geveg baie klein in getal, terwyl die Boere ongeveer agthonderd man sterk was.

Die Boere wat sonder perde gesit het, het hulself agter elke beskikbare verskansing gewerp en begin terugveg. Twee Britse kanonne wat op die toneel verskyn het, kon nie na die verlangde posisie verskuif word nie, aangesien drie Boereskerpskutters vanuit 'n nabygeleë varkhok, albei perde dodelik getref het. Eweneens kon die Boere ook nie hul grofgeskut gebruik nie, vanweë die kort afstand tussen hulle en die vyand en dié se vinnige vuur. Gelukkig vir hulle bied die 3½ vt.-hoë tuinmuur, 'n damwal daarnaas, asook 'n wit plaashuis verder agtertoe, baie goeie dekking en 'n snel, akkurate vuur is nou op die vyand gekonsentreer.

Die Engelse mag is algaande versterk. Nog 'n kanon is na die slagveld gebring, terwyl die infanterie se getalle stewig aangevul is. Kol. Le Gallais was ook spoedig op die toneel en nadat hy 'n boodskapper gestuur het om versterking aan te vra, probeer hy 'n rooi plaasopstal, regs van die tuinmuur, beset. Deur die oop deur was die binnekant van die huis duidelik sigbaar vir die Boere in die oostelike hoek van die tuin. Die afstand was maar 120 tree en die Engelse offisier was 'n oop skyf. Binne 'n paar oomblikke word die 39-jarige Le Gallais dodelik gewond.

Die Boere wat aanvanklik weggejaag het, is weer deur De Wet, wat besef het dat die Engelse nie baie was nie, teruggebring. Inderwaarheid was die Engelse mag in daardie stadium maar ongeveer 170 man sterk. Veral op die linkerflank het die Boere nou met mening teruggeveg. Die koeël was egter reeds deur die kerk, want die vyand sou spoedig een te veel vir die burgers wees. Toe hulle moes veg, het hulle padgegee.

Maj. Taylor, wat die bevel by Le Gallais oorgeneem het, het dadelik weer om versterkings gevra en 'n uur nadat die geveg begin het, daag versterkings op. Knox het by 'n drif, 'n entjie noord van die slagveld, stelling ingeneem, gereed vir 'n aanval in dié rigting, terwyl kol. De Lisle hom na die slagveld gegaas het. Laasgenoemde was nou in beheer van sake en het dadelik die grofgeskut vermeerder. De Wet het dit wyslik gegag om liever nou die aftog te blaas en hy, Steyn en die res van die geselskap het vinnig suidwaarts koers gekry.

De Lisle het 'n finale bajonet-stormloop beveel, maar dit was onnodig. Die Boere wat die fort enduit probeer hou het, het die wit vlag opgesteek. Die stryd was verby.

Volgens genl. De Wet is nege Boere gedood (hoewel Engelse bronne die getal as sewentien aangee), tussen twintig en dertig gewond, terwyl sowat honderd krygsgevangene geneem is. Onder die gewondes was genl. Froneman, wat nogtans ontsnap het, asook die latere hoofregter van die Unie, Jacob de Villiers, wat in die hande van die Engelse geval het. 'n Belgiese geneesheer by die Boere, dr. Joseph de Landsheer het ook in die slag omgekom. Engelse berigte het beweer dat hy met 'n patroonband om sy lyf gevind is, maar De Wet het so 'n bewering met beslistheid ontken. Dr. De Landsheer is saam met die gesneuwelde Boere in 'n gesamentlike graf begrawe.

Al ses die Boere se Krupp-kanonne het in die slag gebly, maar aangesien die ammunisie vir hierdie swaargeskut byna uitgeput was, was die verlies van die kanonne op daardie stadium vir die Boere nie so swaar nie. Daarbenewens is al De Wet se waens met groot voorrade kanon- en kleingeweerammunisie gebuit. Gelukkig kon die staatskas darem gered word.

Kol. Le Gallais sterf dieselfde aand om halfnege, wat die totaal gesneuweldes onder die Engelse op twaalf te staan bring, waaronder tien offisiere. Sowat 33 is gewond.

Waarom moet die Boere se neerlaag gewyt word? Gebrek aan dissipline, wat so dikwels die ondergang van die Boere was, het ook hier 'n deurslaggewende rol gespeel. In die eerste plek het die wagte nie hul plig behoorlik nagekom nie en was volgens alle aanduidings nie waaksaam genoeg nie. Voorts het die burgers De Wet se bevele nie gehoorsaam nie, en hoewel dit bekend is dat die Generaal by tye nie gehuiwer het om die sambok in te lê wanneer bevele verontagsaam word nie, kon hy by hierdie geleentheid vir geen geld ter wêreld sy manskappe oorreed om stelling in te neem en te veg nie.

Uit 'n taktiese oogpunt beskou, was die slag by Doornkraal dus 'n groot oorwinning vir die Engelse, ten spyte van die relatief groot aantal offisiere wat omgekom het. Tog is hulle roem ietwat getemper deur die feit dat Christiaan de Wet nog eens op vrye voet was. Dit het baie soet uit die oorwinning geneem.

Hoe dit ook al sy, indien die Engelse De Wet en Steyn op 6 November 1900 gevang het, kon dit moontlik die einde van die verset in die Vrystaat beteken het. Die sg. guerilla-taktiek, wat met soveel welslae deur De Wet toegepas is gedurende die laaste fase van die oorlog en wat aansteeklik op ander Boereleiers ingewerk het, was maar in sy beginstadium. Met De Wet nie meer in hul midde nie, is dit te betwyfel of die Boermagte in die Vrystaat enige sukses verder sou behaal het. Dit is bekend dat die meeste Transvaalse leiers op daardie kritieke tydstep van die oorlog, baie pessimisties gestem was en nie sonder die Vrystaat sou voortveg nie. Dan sou die Anglo-Boere-oorlog iets van die verlede gewees het, 'n rapsie meer as 'n jaar na die uitbreek daarvan.

Waar so baie Boere begin moedeloos word en selfs die wapens neergelê het, het De Wet en Steyn die vryheidsideaal bly voortdra, nie net op die slagveld nie, maar ook in die harte van Afrikaners. Hierdie twee figure het die spil geword waarom die stryd in die Vrystaat gedraai het.

Doornkraal laat gemengde gevoelens na. Enersyds, die wrang gedagte aan 'n vernederende, maar onnodige neerlaag weens onversigtigheid; andersyds 'n gevoel van dankbaarheid dat twee sleutelfigure in die Tweede Vryheidsoorlog daardie somersdag ternouernood ontsnap het om 'n betekenisvolle stryd voort te sit.

Vandag dui 'n sandklipmonumentjie en 'n verlate gesamentlike graf onder 'n sipresboom, die plek aan waar honder-en-dertig Boere op heldhaftige wyse 'n algaande ongelyke stryd volgehou het, terwyl die onver-

geetlike genl. De Wet tevergeefs probeer het om hul makkers na die gevegsfront terug te bring.

J. P. Brits.

Bronnelys

Gepubliseerde bronne

- Amery, L. S. (red.): *The Times History of The War in South Africa, 1899-1902*, Londen, 1907.
- Breytenbach, J. H. (red.): *Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog*. Kaapstad, 1949.
- De Wet, C. R.: *Die Stryd tussen Boer en Brit*. (Tweede Druk), Kaapstad, 1959.
- Geyer, A. L., Van der Walt, A. J. H., Wiid, J. A. (red.): *Geskiedenis van Suid-Afrika*. Kaapstad, 1965.
- Kruger, R.: *Good-Bye Dolly Gray — The Story of the Boer War*. Londen, 1961.
- Oberholster, J. J.: *Vyf-en-Sewentig jare van vooruitgang. 'n Historiese Oorsig in Bothaville, 1891-1966*. Noord-Kaaplandse Drukkers, Kimberley, 1966.
- Van Schoor, M. C. E., Malan, S. I., Oberholster, J. J.: *Christiaan Rudolph de Wet, 1854-1922*. Bloemfontein, 1954.

Mondelinge Oorvertelling

Informasie is ook ingewin van mev. S. Marais, 'n kleinkind van die destydse eienaar van Doornkraal, mnr. Christiaan van Wyk.